**Privaatheidsbeleid**

**Samba Koöperatief Beperk**
**Samba Koöperatief Beperk is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (Nr.18212) en 'n geregistreerde kredietverskaffer (NCRCP 1270).**

**Inleiding**

**Vir die doel van hierdie beleid**

"Toepaslike wetgewing" beteken enige wette, regulasies, verdrae en kodes wat van toepassing kan wees op u verhouding met ons.

"Kliënt" beteken enige voornemende, nuwe of bestaande kliënt van Samba Koöperatief Beperk.

***Hierdie beleid gee 'n uiteensetting van hoe u persoonlike inligting deur Samba Koöperatief Beperk gebruik sal word. Lees asseblief hierdie beleid aandagtig deur alvorens u enige van u persoonlike inligting aan ons voorlê. Deur persoonlike inligting by Samba Koöperatief Beperk in te dien, verleen u toestemming tot die verwerking van u persoonlike inligting soos uiteengesit in hierdie beleid. Moet asseblief geen persoonlike inligting voorsien indien u nie saamstem met enige van die bepalings soos hierin uiteengesit nie.***

**Hoe om ons te kontak**

Indien u enige vrae of kommentaar oor hierdie beleid het, kontak asseblief ons Inligtingsbeampte, Mnr Rudi Besselaar.

The Blocks, Blok C
H/v Topsy Smith & TT Cloetestraat
Langenhovenpark
BLOEMFONTEIN
9301
Tel: 051-448 0111
Faks: 051-430 7564
E-pos: rudi@sambakoop.com

**Privaatheid**

Samba Koöperatief Beperk neem u privaatheid en die beskerming van u persoonlike inligting baie ernstig op en ons sal slegs u persoonlike inligting gebruik in ooreenstemming met hierdie beleid en enige toepaslike wetgewing.

Ons het redelike tegniese en operasionele maatreëls ingestel om u persoonlike inligting veilig te hou.

U kan u persoonlike inligting direk aan ons verskaf deur 'n aansoekvorm of via ons webwerf, per telefoon, kringtelevisie-kameras, digitale opnames of enige ander manier in te vul.

In gevalle waar u om krediet aansoek gedoen het en ons toestemming verleen het, kan ons 'n ondersoek doen na u kredietgeskiedenis by kredietburo's. Die kredietburo's sal

rekord hou van ons navrae en sal ook beskikbaar wees vir ander instansies wat navraag doen oor u kredietgeskiedenis.

**Gebruik van inligting wat versamel is**

Ons kan u persoonlike inligting gebruik, oordra en bekend maak vir die doeleindes van:
• Die dienste en / of fasiliteite wat u aangevra het, aan u te voorsien;
• Die bestuur van u kontraktuele verhouding met ons;
• Opsporing en voorkoming van bedrog of geldwassery;
• Beoordeling en hantering van klagtes en versoeke;
• Bedryfs-, bemarkings-, oudit-, statistiese, regs- en rekordhouding;
• Verifiëring van u identiteit;
• Om enige inligting rakende u kredietaansoek, ons ooreenkoms met u, rekeninggeskiedenis, beëindiging en nie-nakoming van die bepalings daarvan aan 'n geregistreerde kredietburo te stuur;
• die toepaslike wetgewing na te kom;
• Opneem van telefoon- en elektroniese kommunikasie;
• Die uitvoer van marknavorsing.

**Direkte bemarking**

Ons kan van tyd tot tyd met u in verbinding tree oor ons dienste of aanbiedinge, tensy u kennis gegee het om sulke kommunikasie te staak.

Indien u nie meer bemarkings inligting van ons wil ontvang nie stuur asseblief vir ons 'n e-pos na info@sambakoop.com

**Openbaarmaking van u inligting**

U inligting kan gedeel word met geselekteerde derde partye wat die inligting namens ons verwerk.

Ons kan ook u persoonlike inligting aan derdepartye bekend maak wanneer ons onder toepaslike wetgewing daarop geregtig is of verplig is, insluitend om:
• Reël van korttermyn- of langtermynversekeringsdekking vir u;
• Fasilitering van 'n kredietfasiliteit;
• Voldoen aan versoeke van derde partye, insluitend reguleerders, om aan toepaslike wetgewing te voldoen.

Kontak asseblief ons Inligtingsbeampte indien u nie wil hê dat u inligting met derde partye gedeel moet word nie. Ons kan egter nie in staat wees om enige van ons produkte of dienste aan u te verskaf as nie-bekendmaking van u persoonlike inligting 'n vereiste is nie.

**Bewaring van inligting**

Ons kan u persoonlike inligting vir 'n onbepaalde tyd behou, tensy u beswaar daarteen maak, in welke geval ons dit slegs sal behou soos wat ons ingevolge toepaslike wetgewing toelaat of vereis.

**Toegang tot, regstelling en verwydering van u persoonlike inligting**

U kan besonderhede versoek van die persoonlike inligting wat ons van u bewaar.

U het ook die reg om enige relevante kredietburo te kontak om u kredietrekord bekend te maak of om onakkurate inligting reg te stel.

U kan ‘n regstelling versoek van die persoonlike inligting waaroor ons van u beskik. Maak asseblief seker dat die inligting waaroor ons van u beskik, volledig, akkuraat en op datum is.

Onder sekere omstandighede het u die reg om die inligting oor u te laat vernietig of te skrap, of om die verwerking van u inligting te beperk. Kontak asseblief ons inligtingsbeampte indien u hierdie reg wil uitoefen. Dit kan egter 'n invloed hê op ons vermoë om ons produkte en dienste aan u te lewer.

**Klagtes**

Klagtes rakende die gebruik van u persoonlike inligting kan na ons Inligtingsbeampte verwys word. Indien u nie tevrede is met die resolusieproses nie, het u die reg om 'n klag by die Inligtingsreguleerder in te dien.

Die Inligtingsreguleerder se kontak besonderhede is as volg:

SALU Gebou,
Thabo Sehumestraat 316,
PRETORIA
0001
Tel: 012 406 4818
Faks: 086 500 3351
E-pos: inforeg@justice.gov.za